

## Leef deur die Gees



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

*Galasiërs 5:16–25; Deuteronomium 13:4, 5; Romeine 7:14–24; Jeremia. 7:9; Hosea 4:2; Matteus 22:35–40.*

#### Geheueteks:

“Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie” (*Galasiërs 5:16*).

**E**en van die grootste gunsteling onder Christelike liedere is Robert Robinson se “Heil’ge Bron van elke seën.” Robinson was egter nie altyd ‘n man van die geloof nie. Die dood van sy vader het hom woedend agtergelaat, en hy het in losbandigheid en dronkenskap verval. Nadat hy die bekende prediker George Whitefield gehoor het, het Robinson sy lewe aan die Here oorgegee, en ‘n Metodiste-prediker geword. Hy het hierdie lied geskryf wat dié oorspronklike reëls bevat het: “Hoeveel is my siel verskuldig/aan U goedheid, elke dag!/Laat U goedheid, liefdebande/my swerwend’ hart aan U bind.” (Vry vertaal om die strekking van die Engels weer te gee, en nie streng volgens die Adventlofliedereboek nie- vertaler.)\* Iemand, ongemaklik met die reël oor die Christenhart wat swerwende is, verander toe die woorde soos volg: “Neig tot aanbidding Heer, ek voel dit. Neig om die God wat ek dien, lief te hê.” (\*sien opmerking hierbo). Ten spyte van die redakteur se goeie bedoelings, het die oorspronklike reëls die Christenstryd akkuraat verwoord. As gelowiges besit ons twee geaardhede, die vlees en die gees, en hulle staan in konflik met mekaar. Alhoewel ons sondige geaardheid altyd “geneig” sal wees om van God te dwaal - indien ons gewillig is om aan Sy Gees oor te gee, sal ons nie gebonde wees (soos in slawerny) om oor te gee aan die begeertes van die vlees nie. Dit is die kruks van Paulus se boodskap in die teksverse vir die week.

*\*Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 16 September.*

## Wandel in die Gees

**Lees Galasiërs 5:16. Wat het die konsep van “wandel” te make met ‘n lewe van geloof? Deut. 13:4, 5; Rom. 13:13; Efe. 4:1, 17; Kol. 1:10.**

---

---

“Wandel” is ‘n metafoer wat uit die Ou Testament kom wat verwys na die wyse waarop ‘n persoon moet optree (of hom “gedra”). Paulus, self ‘n Jood, maak dikwels van hierdie metafoer in sy briewe gebruik, om die soort optrede te beskryf wat die Christelike lewe kenmerk. Sy gebruik van hierdie metafoer is ook waarskynlik verbind met die eerste naam wat geassosieer is met die vroeë kerk. Voordat die volgelingen van Jesus Christene genoem is (*Hand. 11:26*), het hulle bloot bekend gestaan as volgelingen van “die Weg” (*Joh. 14:6, Hand. 22:4, 24:14*). Dit suggereer dat, op ‘n baie vroeë tydstip, was die Christendom nie slegs ‘n stel teologiese geloofsoortuiginge wat rondom Jesus gewentel het nie, maar ook ‘n wyse (“weg”) van die lewe waarop “gewandel” is.

**Op watter wyse is Paulus se metafoer oor “wandel” verskillend van dit wat in die Ou Testament gevind word? Vergelyk Eksod. 16:4; Lev. 18:4; Jer. 44:23 met Gal. 5:16, 25; Rom. 8:4.**

---

---

Gedrag in die Ou Testament was nie bloot gedefinieer as “wandel” nie, maar eerder as “wandel in die wet”. Halakhah is die regsterm wat die Jode gebruik het om na die reëls en voorskrifte, wat in beide die wet en die rabbiniese tradisies van hulle voorvaders voorgekom het, te verwys. Alhoewel Halakhah gewoonlik vertaal word as “die Joodse wet”, is die woord eger gebaseer op die Hebreeuse woord vir “om te loop” en letterlik die betekenis dra van “die weg om te gaan”.

Paulus se opmerkings oor “wandel in die Gees” is nie in teenstelling met gehoorsaamheid aan die wet nie. Hy stel ook nie voor dat Christene op ‘n wyse leef wat die wet oortree nie. Paulus is beslis nie gekant teen die wet of gehoorsaamheid aan die wet nie. Waarteen hy gekant is, is die wettiese wyse waarop die wet misbruik is. Die opregte gehoorsaamheid wat God verlang, kan nooit bereik word deur uiterlike dwang nie, maar slegs deur ‘n innerlike motivering wat deur die Gees bewerkstellig word (*Gal. 5:18*).

**Wat was jou ondervinding om te “wandel in die Gees”? Hoe doen jy dit? Watter gewoontes in jou lewe maak hierdie soort wandeling moeiliker?**

## Die Christen se konflik

**“Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal. 5:17; sien ook Rom. 7:14–24). Hoe het jy, in jou lewe as ‘n gelowige, die harde en pynlike werklikheid van hierdie woorde al ervaar?**

---

---

---

Die stryd wat Paulus beskryf is nie die stryd van elke mens nie; dit verwys spesifiek na die innerlike stryd wat in die Christen bestaan. Omdat die mens in harmonie met die begeertes van die vlees gebore is (*Rom. 8:7*), is dit slegs wanneer ons wedergebore word deur die Gees dat konflik begin om na vore te kom (*Joh. 3:6*). Dit beteken nie dat nie-Christene nooit morele konflik ervaar nie; hulle doen beslis. Maar selfs daardie konflik is as gevolg van die Gees. Die stryd van die Christen neem egter ‘n nuwe dimensie aan, omdat die gelowige oor twee geaardhede (of karaktereenskappe) beskik. Hulle is in konflik met mekaar: die vlees en die Gees. Dwarsdeur die hele geskiedenis het Christene daarna verlang om bevry te word van hierdie stryd. Sommige wou die stryd beëindig deur van die samelewing te onttrek, en ander het beweer dat die sondige aard uitgewis kan word deur een of ander goddelike daad van genade. Albei hierdie pogings is misleidend. Alhoewel ons deur die krag van die Gees sekerlik die begeertes van die vlees kan onderwêrp, sal die konflik op verskeie wyses voortduur totdat ons ‘n nuwe liggaam by die Wederkoms ontvang. Om uit die samelewing te vlug, sal nie help nie, want ongeag waarheen ons onttrek, neem ons die stryd saam met ons, en dit sal so wees totdat ons sterf of Jesus weer kom.

Wanneer Paulus in Romeine 7 skryf oor die innerlike stryd in Christene wat hulle verhoed om te doen wat hulle wil, beklemtoon hy die volle omvang van daardie konflik. Omdat ons oor twee geaardhede beskik, staan ons letterlik gelyktydig aan beide kante van die stryd. Die geestelike deel van ons verlang na dit wat geestelik is, en dit verafsku die vlees. Die vleeslike deel van ons verlang egter na die dinge van die vlees, en opponeer dit wat geestelik is. Omdat die bekeerde gees te swak is om die vlees op sy eie te weerstaan, is die enigste hoop wat ons het om daaglik ‘n besluit te maak om ons aan die kant van die Gees te skaar teen ons sondige self. Dit is waarom Paulus daarop aandring dat ons kies om in die Gees te wandel.

**As jy na jou eie ondervinding kyk aangaande die stryd tussen hierdie twee geaardhede, watter raad sal jy aan ‘n Christen gee wat poog om vrede te maak met hierdie nimmereindigende stryd met die self.**

## Die werke van die vlees

Nadat hy die konflik wat tussen die vlees en die Gees bestaan bekendgemaak het, brei Paulus in Galasiërs 5:18–26 hierop uit deur middel van ‘n lys van etiese onsedelikhede en deugde. Die lys van onsedelikhede en deugde was ‘n goed-gevestigde literêre eienskap wat in beide die Joodse en Grieks-Romeinse letterkunde voorgekom het. Hierdie lyste identifiseer die gedrag wat vermy moes word, en die deugde wat nagevolg moes word.

**Ondersoek die onsedelikhede (ondeug) en deugde noukeurig in die gedeeltes hieronder. Op watter wyses is Paulus se lyste in Galasiërs 5:19–24 soortgelyk en ook verskillend van hierdie lyste? Jer. 7:9; Hos. 4:2; Mark. 7:21, 22; 1 Tim. 3:2, 3; 1 Pet. 4:3; Op. 21:8.**

---

Alhoewel Paulus deeglik bewus van die lys van ondeugde en deugde, is daar betekenisvolle verskille in die wyses waarop hy die twee lyste in Galasiërs gebruik. Eerstens, alhoewel Paulus die lyste met mekaar kontrasteer, verwys hy nie na hulle op dieselfde wyse nie. Hy benoem die lys van ondeugde as “werke van die vlees”, maar die lys van deugde noem hy die “vrug van die Gees”. Dis ‘n belangrike onderskeiding. James D. G. Dunn skryf “die vlees dring aan (of: vereis), terwyl die Gees oplewer (of: skep). Terwyl die een lys adem van angstige selfbewustheid en rasende selfbevreëdiging, spreek die ander meer van besorgdheid vir ander, helderheid, veerkragtigheid, betroubaarheid. Die een kenmerk menslike manipulasie, die ander is akkommoderend en begenadigend, wat die punt versterk dat innerlike transformasie die oorsprong van verantwoordelike gedrag is.” — *The Epistle to the Galatians*, p. 308 – vry vertaal.

Die tweede fassinerende verskil tussen Paulus se twee lyste is dat die lys van ondeugde doelbewus as meervoudig gemerk is: “werke van die vlees.” “Vrug van die Gees” is egter enkelvoudig. Hierdie verskil kan suggereer dat die lewe wat in die vlees gelei word, niks minder produseer as verdeling, onstuimigheid, tweespalt nie. In kontras hiermee produseer die lewe wat in die sfeer van die Gees gelei word, een vrug van die Gees, wat gemanifesteer word in die nege eienskappe wat eenheid koester of skep. In hierdie konteks beweer sommige mense dat dit nie saak maak wat ‘n persoon oor God glo nie, solank as wat hy of sy opreg is. Dis natuurlik van alle waarheid ontbloot. Paulus se lys van ondeugde suggereer die teenoorgestelde: korrupsie sienings oor God gee aanleiding tot verwronge idees oor seksuele gedrag en godsdiens, en etiek, wat uitloop op die verbroekeling van menslike verhoudings. Dit kan voortaan ook lei tot die verlies van die ewige lewe (*Gal. 5:21*).

**Kyk deur die lys van die “werke van die vlees”. Op watter wyse kan jy elkeen sien as ‘n oortreding van een of meer van die Tien Gebooie?**

## Die vrug van die Gees (*Gal. 5:22–24*)

**“Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie”**(*Gal. 5:22, 23*). **Op watter wyses weerspieël gehoorsaamheid aan die Tien Gebooi die vrug van die Gees soos dit in hierdie verse neergeskryf is? (lees ook *Matt. 5:21, 22, 27, 28; 22:35–40*.)**

---

---

---

Die Tien Gebooi is nie ‘n alternatief vir liefde nie; hulle help om ons te rig oor hoe ons liefde wys, beide aan God en die mensdom. Hoeveel dit ook die letter van die wet te bowe gaan, is liefde nie in konflik met die wet nie. Die idee dat liefde vir God en liefde vir ons naaste die Tien Gebooi tot niet maak, maak net soveel sin as om te sê dat die liefde vir die natuur die gravitasiewet tot niet maak.

Ook in teenstelling met die vytien een-woord beskrywings van die werke van die vlees, word die vrug van die Gees in nege elegante deugde beskryf. Bybelstudente glo dat hierdie nege deugde in drie groepe van drie gerangskik is, maar daar is min instemming oor die betekenis van hulle volgorde. Sommige sien ‘n implisiete verwysing na die Drie-eenheid in die getal drie; ander glo die drie driehoeke weerspieël die wyses waarop ons in verhouding met God is, met ons naaste, en uiteindelik ook onself; en ander sien die lys as in werklikheid ‘n beskrywing van Jesus. Alhoewel elkeen van hierdie sienings wel meriete het, is die mees betekenisvolle punt wat nie oorgesien moet word nie, die allerbelangrike klem wat Paulus op liefde in die Christelike lewe plaas.

Die feit dat Paulus liefde as die eerste van die nege deugde noem, is nie toevallig nie. Hy het reeds die sentrale rol van liefde in die Christelike lewe in Galasiërs 5:6 en 13 belig, en hy sluit dit in by sy lys op ander plek hierby in (*2 Kor. 6:6, 1 Tim. 4:12, 6:11, en 2 Tim. 2:22*). Waar al die ander deugde ook in nie-Christelike bronne verskyn, is liefde kenmerkend Christelik. Al hierdie dinge is ‘n aanduiding dat liefde nie bloot gesien moet word as een deug tussen baie nie, maar as die kardinale Christelike deug wat die sleutel tot al die ander deugde is. Liefde is die voortrefflike vrug van die Gees (*1 Kor. 13:13, Rom. 5:5*), en dit behoort die lewe en gesindhede van elke Christen te definieer (*Joh. 13:34, 35*), hoe moeilik dit ook al somtyds is om liefde te betoon.

**Hoeveel selfopoffering is betrokke by liefde? Kan jy liefhê sonder selfverloëning? Wat leer Jesus ons oor liefde en selfverloëning?**

## Die weg na oorwinning

Alhoewel 'n innerlike konflik tussen die vlees en die Gees altyd sal woed in die hart van elke gelowige, hoef die Christelike lewe nie oorheers te word deur nederlaag, mislukking en sonde nie.

### **Volgens Galasiërs 5:16–26, wat is die sleutel tot 'n lewe waar die Gees oor die vlees heers?**

---

Galasiërs 5:16–26 bevat vyf sleutel-werkwoorde wat die verskillende soorte lewens beskryf waarin die Gees heers. Eerstens, die gelowige moet “wandel” in die Gees (vers 16). Die Griekse werkwoord is *peripateo*, wat letterlik beteken “om rond te loop of te volg”. Die volgelinge van die beroemde Griekse filosoof Aristoteles het bekendgestaan as die “Peripatetics”, omdat hulle Aristoteles oral gevolg het waar hy gegaan het. Die feit dat die werkwoord in die teenwoordige tyd is, impliseer dat Paulus nie van 'n toevallige stappie praat nie, maar van 'n langdurige daaglikse ondervinding. Aangesien dit ook 'n opdrag is om “te wandel” in die Gees, veronderstel dit dat 'n wandeling met die Gees 'n keuse is wat ons op 'n daaglikse basis moet uitoeven. Die tweede werkwoord is “om te lei” (vers 18). Dit veronderstel dat ons moet toelaat dat die Gees ons lei na waar ons veronderstel is om te gaan (*vergelyk Rom. 8:14, 1 Kor. 12:2*). Dis nie ons werk om te lei nie, maar om te volg.

Die volgende twee werkwoorde verskyn in Galasiërs 5:25. Die eerste is “om te leef” (*zao* in Grieks). Met “leef” verwys Paulus na die nuwe-geboorte ondervinding wat die lewe van elke gelowige moet kenmerk. Paulus se gebruik van die teenwoordige tyd wys op 'n nuwe-geboorte ondervinding wat elke dag herna moet word. Omdat ons deur die Gees leef, Skryf Paulus dat ons ook moet “wandel” in die Gees. Die woord wat as “wandel” vertaal is, is verskillend van die een wat in vers 16 voorkom. Die woord hier is *stoicheo*. Dit is 'n militêre term wat beteken “om in 'n ry te staan”, “om in pas te bly”, of “om te konformeer” (om in te pas – vertaler). Die idee hier is dat die Gees ons nie slegs lewe gee nie, maar ons lewens op 'n daaglikse basis ook moet rig, en rigting gee. Die werkwoord wat Paulus in vers 24 gebruik is “gekruisig”. Dis ietwat skokkend. Indien ons die Gees wil volg, moet ons 'n ferm besluit neem om die begeerlikhede van die vlees te laat “sterf”. Paulus praat natuurlik figuurlik hier. Ons kruisig die vlees deur ons geestelike lewe te voed en die begeerte van die vlees te verhonger.

**Watter veranderinge en keuses moet jy maak sodat jy die beloofde oorwinnings in Christus kan behaal – oorwinnings wat jou nou voortdurend ontwyk?**

---

## Verdere leeswerk:

“Die lewe van die Christen verloop nie altyd seepglad nie. Hy het streng konflikte om mee af te reken. Erge versoekings bestook hom. ‘Die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees.’ Hoe nader ons kom aan die einde van die wêreld se geskiedenis, hoe bedriegliker en verleidender sal die aanvalle van die vyand wees. Diegene wat die lig en waarheid weerstaan, sal al meer verhard en onbeïndrukbaar wees, hulle sal algaande verbitterd word teen diegene wat God liefhet en Sy gebooe onderhou (MS 33, 1911).” — Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, p. 1111 – vry vertaal. “Die invloed van die Heilige Gees is die lewe van Christus in die siel. Ons sien Christus nie en praat met Hom, maar Sy Heilige Gees is net so naby aan ons as op enige ander plek. Dit werk in en deur elkeen wat Christus ontvang. Diegene wat die influistering van die Gees ken, openbaar die vrug van die die Gees – liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing (MS 41, 1897).” — Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, p. 1112 – vry vertaal.

## Vrae om te bespreek:

1. Bedink die idee om die begeertes van die vlees te kruisig. Wat beteken dit? Hoe doen ons dit? Hoe dikwels het ons nodig om dit te doen? Waarom sou Paulus so ‘n sterk werkwoord gebruik? Wat sê sy gebruik van die woord “kruisig” oor hoe moeilik die stryd met die self is?
2. Watter rol, indien enige, speel menslike pogings in die voortbring van die vrug van die Gees? Wat sê jou eie ondervinding van hierdie rol?
3. Paulus sê dat diegene wat die werke van die vlees beoefen, nie die koninkryk van God sal beërwe nie. Hoe versoen hierdie stelling met die feit dat Paulus sê ons word gered deur geloof en nie deur werke nie?
4. In jou eie wandeling met die Here, wat is die grootste struikelblok vir jou? Is dit nie sonde nie, en wat sonde aan jou verhouding met God doen? Watter Christen het al vervreemding ervaar, of twyfel, en teleurstelling, as ‘n gevolg van die sonde in sy of haar lewe, veral omdat ons die belofte van oorwinning oor daardie sonde het? Gegewe hierdie feit in die konteks van oorwinning oor sonde, waarom moet ons altyd onthou dat ons verlossing geheel en al berus op wat Jesus vir ons gedoen het?

## Samevatting:

Al bestaan daar in die lewens van alle gelowiges ‘n konflik tussen die begeertes van die vlees en die begeertes van die Gees, hoef die Christelike lewe nie gedoem te wees tot mislukking nie. Omdat Christus die krag van sonde en dood oorwin het, kan die Christelike lewe ‘n lewe wees waar die Gees heers, en Hy bring ‘n daaglikse voorsiening van God se genade wat ons in staat stel om die begeertes van die vlees weg te hou.

